Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

**BELEID: EKSTERNE KOMMUNIKASIE**

Die volgende maatreëls rakende eksterne kommunikasie geld met ingang van 9 Februarie 2009:

(a) Alle eksterne kommunikasie bly die verantwoordelikheid van die betrokke direkteur en moet dus òf in sy naam òf, waar toepaslik, die Munisipale Bestuurder se naam, gestuur word. Areabestuurders hanteer ook korrespondensie in eie naam met dien verstande dat kontensieuse gevalle aan die voorafgaande reëling onderworpe bly. Die beperking geld nie vir die Bestuurder: Kommunikasie nie.

(b) Korrespondensie van 'n kontensieuse aard moet, waar nodig, vooraf met die Munisipale Bestuurder of die Regsadviseur (Desmond Lakey) of die Bestuurder: Kommunikasie (Fanie Krige) uitgeklaar word.

(c) Korrespondensie moet voorts ook taalkundig versorg word en daar behoort geen spelfoute te wees nie.

(d) Alle korrespondensie gerig aan Provinsiale en Nasionale Ministers/Premiers/ President en Uitvoerende Burgemeesters moet in die naam van die Uitvoerende Burgemeester (en ook deur hom onderteken) uitgestuur word.

(e) Alle korrespondensie gerig aan Provinsiale en Nasionale Direkteurs-generaal en Hoofde van Departemente en Munisipale Bestuurders moet in die naam van die Munisipale Bestuurder uitgestuur word. Waar geregverdig, behoort die Munisipale Bestuurder ook self te teken.

*Goedgekeur deur die*
*Munisipale Bestuurder*
*9 Februarie 2009*